



Hallo

Hier is 'n opsomming van die terugvoer van die vraelys wat ons vroeër hierdie jaar aan die gemeente beskikbaar gestel het. Dankie aan almal wat die vraelys ingevul het. Indien jy die volledige terugvoer wil ontvang, kontak asb met Niekie by tel: 041-3601484.

### **Terugvoer van die bedieningsvraelys**

141 lidmate het die vraelys ingevul. 3 van hulle was nie belydende lidmate nie (jongmense tussen 13-18 jaar). Slegs 14 van hierdie lidmate was jong volwassenes (19-40 jaar).

70% van die respondente het nie kinders in die gemeente nie.

'n Bietjie meer as 13% van die belydende lidmate het die vraelys ingevul.

Die terugvoer is oorwegende positief.

Enkele realiteite waartoe ons ons reeds in die verlede verbind het, is:

Ons glo dat God 'n Verbondsgod is vir Wie gesinne belangrik is.

Ons poog om ruimte te maak vir verskillende bedieningsstyle en -behoefes.

Ons streef na effektiewe en uitnemende bediening aan en deur almal in die gemeente.

Die eietydse diens is die diens wat groei in bywoning. (Die pandemie het, ook hier, bywoning negatief beïnvloed.)

Eredienste en eredienstye is rondom hierdie realiteite vasgestel en die bediening, ook musiekbediening, is hiervolgens ingerig.

Amper die helfde van ons eredienste is gesamentlike dienste wat om 09:00 in die oggend plaasvind.

Effektiewe bediening geskied by grootgroepe (eredienste) en kleingroepe (sel- of Bybelstudiegroepe).

Die top positiewe of sterkpunte wat die gemeente uniek maak en waarop ons moet fokus is die volgende:

- Preke, eredienste en predikante.
- Kantoorpersoneel is maklik bereikbaar en daar is groot vrymoedigheid om met hulle te kontak.
- Gasvryheid
- Kommunikasie en deursigtigheid.
- Kerkbasaar

Die top negatiewe punte of eerder uitdagings

- Betrokkenheid van mense. Slegs 36% van die persone wat die vraelys ingevul het, het aangedui dat hulle betrokke is by 'n getuienis- of barmhartigheidsbediening. 37% is nie betrokke nie.
- Kerkraad moet streef om meer bereikbaar te wees. Hul word as 69% bereikbaar gemeet.
- Kommunikasie rondom die gemeente se getuienis en diens van barmhartigheid bediening kan verbeter.
- Stroom van eredienste – ons is dankbaar vir hierdie “nuwe” bediening en dat dit, na aanvanklike groeipyne, steeds verbeter. Daar is 'n klein handjievol vrywillige mense wat daarvoor verantwoordelikheid aanvaar en daar is altyd ruimte vir verbetering. Ons versoek mense om hier betrokke te raak.
- Kyk weer na gasvryheidsbediening en om die voorportaal meer verwelkomend te maak. Ons is opsoek na mense wat erediensbywoners en nuwe intrekkers hartlik wil verwelkom.

**GAZANIALAAN 2, SUNRIDGEPARK, GQEBERHA, 6045**

**Tel:** 041-360 1484

**Faks:** 0865106982

**E-pos:** kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za

**Webblad:** www.ngkraggakamma.co.za

- Nuwe intrekker bediening moet 'n prioriteit wees.

Musiek en jeug sal altyd 2 sake wees waaroor daar verskil van mening is:

Musiek kry negatiewe , maar ook positiewe terugvoer.

Dit sal wonderlik wees as meer mense met musiekgawes betrokke raak.

Gee aandag aan die bediening van die jeug in hulle verskillende lewensfases.

Dit blyk dat daar behoefte aan aandbyeenkomste in die een of ander vorm vir die jeug is. Die leefkerk byeenkomste op Sondagaande is goed bygewoon en die tieners het die behoefte uitgespreek het om meer so bymekaar te kom.

Ons is dankbaar teenoor die Here wat vir ons as sy gemeente seën. Ons bid saam vir die versterking van ons sterkpunte en dat ons die uitdagings saam sal aanpak. Kom dien asseblief met jou gawes. Kontak met Niekie, jou kerkraadslid of een van die leraars indien jy wil betrokke raak, vrae het of sommer net verder wil gesels.

Baie seën vir die vinnige tweede helfde van die jaar wat voorlê.

Die Kerkraad

NG Kerk Kraggakamma.